

eish!



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

Personeelblad van die NWU

VOLUME 6 No 2 April 2012

NWU rol **rooi**
tapyt uit vir
topdosente

Soveel mense,
soveel tale



Help bou aan die
handelsmerk

INHOUDSOPGAWE

- 2 Institusionele Plan uitgedos vir lesers
- 3 Boodskap van die visekanselier
Eish! hulle werk hard
- 4 NWU vier voortreflike onderrigvaardighede
- 5 Registrateurs vergader by HESA-imbizo
- 6 Vertel die volle verhaal van volhoubaarheid
- 7 Prof Harry volg Elvis se spoor
- 8 Skep nuwe wêreld vir gebruikers van NWU-webwerf
- 9 Saam is ons meertalig
- 10 Hy lééf sy Afrika-droom
- 12 Fokus op ... Interne handelsmerk-bewusmakingsveldtog
- 13 Kampusnuus: Mafikeng
- 14 Kampusnuus: Potchefstroom
- 15 Kampusnuus: Vaaldriehoek
- 16 NWU-kundiges kén hul storie
- 17 Mense wat myle stap
- 18 En die weners is...
Wen! Wen! Wen!
- 19 Prof Louis ontvang gesogte gradering



Voorblad: Tydens die onlangse interne handelsmerk-bewusmakingsveldtog het dié kollegas gehelp om die handelsmerk by die Institusionele Kantoor te bevorder. Agter is mnr Tommy Pietersen en voor van links is me Coréne van der Merwe, me Bernice Smit en me Queen Ntsoelengoe. (Berig op p12)

Institusionele Plan uitgedos vir lesers

Die Institusionele Plan (IP) vir die tydperk 2012 tot 2014 is op die web beskikbaar. Behalwe dat daar 'n nuwe missie-element bygevoeg is, spog die IP ook met 'n nuwe, lesersvriendelike baadjie.

Die nuwe missie-element gaan oor transformasie en is bygevoeg om meer klem te plaas op die NWU se transformasiestrewe en -doelwitte, met spesifieke verwysing na 10 transformasie-elemente wat geïdentifiseer is.

Anders as die vorige IP wat meer in storiemaat geskryf was, is hierdie een in kolomme uitgelê. In die kolomme is daar by elke missie-element duidelike doelwitte en prestasiemerkers en kan 'n mens ook sien watter lid van die Institusionele Bestuur (IB) daarvoor verantwoordelik is.

Met hierdie nuwe formaat kan die lesers prestasie-ooreenkomste en doelwitte makliker interpreteer en kan bestuurders ook op die lang duur makliker verslag oor prestasiemerkers lewer.

Die dokument wemel boonop van hiperskakels om navigasie te verbeter en verwante inligting – byvoorbeeld die tabelle wat saam met die IP-doelwitte gelees moet word – met mekaar te koppel. Daarby help 'n PDF-woordsoekfunksie lesers om spesifieke kernwoorde op te spoor.

Die IP is beskikbaar op die bladsy <http://www.nwu.ac.za/content/north-west-university-institutional-plan>.

Dit word tans in Afrikaans vertaal en sal binnekort ook in hierdie taal op die web beskikbaar wees.

Die doelwitte in die IP dien as stuurmechanisme vir die NWU. Dit vorm ook deel van NWU-personeellede se taakooreenkomste op alle vlakke. Op dié manier help almal by die NWU om die universiteit se doelwitte te behaal.

Redaksionele span: Nelia Engelbrecht en Marelize Santana, Louis Jacobs, Pertunia Thulo, Pheno Mokgothu, Kiewiet Scheppel, Annette Willemse, Elmarie Cronje, Rolien Roos, Sharon W Dzwairo. **Bladuitleg:** Graphikos. **Drukwerk:** Platinum Press. **Fotografie:** Maclez Studios, Nelia Engelbrecht, Pertunia Thulo, Pheno Mokgothu, Kiewiet Scheppel, Annette Willemse. **Spotprent:** Mynderd Vosloo. **Vir verdere navrae/korrespondensie:** Nelia Engelbrecht – Tel (018) 299 4937 of Bussie 260. *Eish!* word deur die Korporatiewe Sake en Verhoudinge-department van die Institusionele Kantoor van die NWU in Setswana, Engels en Afrikaans voorberei en uitgegee. Indien u nog kopieë verlang, skakel gerus vir Nelia Engelbrecht. Om die *Eish!* in elektroniese formaat te ontvang, stuur asseblief 'n e-pos aan marelize.santana@nwu.ac.za.

BOODSKAP VAN DIE **Visekanselier**

Beste kollegas

As ek soggens werk toe ry, wys die bome my dat die somerseisoen besig is om plek te maak vir herfsdae.

Dit is moeilik om te glo dat die eerste kwartaal sowaar reeds verby is! Maar dit is egter ook 'n gulde geleentheid om op die eerste kwartaal terug te kyk en te kan sien wat reeds gedoen is om ons strewe na 'n gebalanseerde onderrig-leer en navorsingsinstelling nog duideliker kenbaar te maak.

Lees gerus verder in hierdie uitgawe van Eish! hoe ons intern besig is om ons prosesse te verfyn sodat 'n optimale onderrig-leer-en-navorsingsomgewing geskep kan word, en ook oor NWU-personeellede wat erkenning kry vir hulle uitsonderlike prestasies.

Daar is 'n paar ander belangrike sake wat op 2012 se institusionele agenda lê en waarvan

die uitkoms vir ons almal van wesenlike belang gaan wees:

- Die Hoëronderrig-kwalifikasieraamwerkprojek is tans in sy tweede fase. Hierdie reuseprojek onder die leiding van die Adjunk-visekanselier: Onderrig-leer, prof Martin Oosthuizen, verg geweldig baie institusionele energie en werk op baie gedetailleerde manier met die mikro-elemente van ons onderrigleerprosesse by die NWU. Baie dankie vir die harde werk van so baie mense tot nou toe, en baie sterkte vir die groot taak wat nog in hierdie verband voorlê.
- Ons is ook besig om die aanvoorwerk te doen vir 'n institusionele projek waardeur ons 'n plan van stapel kan stuur om besigheidsprosesse by die NWU te verbeter. Ons het besef dat onnodige burokrasie effektiewe bestuur by die NWU belemmer en wil graag 'n aanvaarbare proses in plek kry om dit teen te werk.

- Na die Raadswerkswinkel in Maart 2011 waar die kwessie van volhoubaarheid in al sy fasette onder die soeklig gekom het, is ons besig om goeie vordering te maak met die voorbereiding vir 'n institusionele omgewingswetlike-voldoeningsoudit (environmental legal compliance audit). Die projek sal deur die kantoor van die Adjunk-visekanselier: Navorsing en Innovasie, prof Frikkie van Niekerk, gekoördineer word en sal deur prof Johan Nel van die Sentrum vir Omgewingsbestuur aan die Potchefstroomkampus bestuur word.

Baie sterkte vir die res van 2012, kollegas! Ons beleef heerlike opwindende tye in die Suid-Afrikaanse hoëronderrigomgewing terwyl die NWU met harde en onvermoeide werk op vele terreine sy merk bly maak.

Vriendelike groete

Jhans Cloff



Eish! hulle werk hard

Almal ken waarskynlik die wyse woorde van die gholflegende, Gary Player: "Hoe harder jy werk, hoe meer kom die geluk na jou kant toe" en "Jy moet baie hard werk om 'n natuurlike gholfspeler te word".

Met ander woorde: harde werk is 'n voorvereiste vir prestasie.

In hierdie uitgawe van Eish! is daar talle voorbeelde van personeellede wat dié beginsel goed begryp.

Lees gerus op p4 en 5 van die 49 ITOU-wenners wat hul onderrigvaardighede deur harde werk geslyp het en op p19 van prof Louis Kotze wie se toegewyde navorsing met 'n ge-

sogte Presidentstoekening (P-gradering) van die Nasionale Navorsingstigting beloon is.

Prof Melvin Mbaio, die dekaan van die Fakulteit Regte op die Mafikengkampus se raad aan student en ook aan sy eie seuns, is dan ook om pligsgetrou te wees – lees meer hiervan op p11.

Soos altyd stel ons tweedemylers (p17) vir almal 'n voorbeeld van hardwerkendheid – en dit boonop met 'n glimlag en 'n positiewe houding as bonus.

Dié ingesteldheid sluit ook aan by die nuwe benadering in die handelsmerk-bewusmakingsveldtog, naamlik dat die NWU die toekoms vir mense ontsluit (sien p12). Harde werk – aan die kant van

personeel én studente – bly een van die belangrikste sleutels tot 'n suksesvolle toekoms.

Sterkte aan almal, akademici en ondersteuningspersoneel, en kom ons bring die beste in onself te voorskyn.

Aan die ander kant gaan alles ook nie altyd net oor harde werk nie – ons moet ook dit wat ons doen, geniet. Dit blyk duidelik uit hierdie aanhaling van Logan Pearsall Smith, 'n Amerikaanse letterkundige en resensent: "Daar is twee dinge waarna 'n mens in die lewe moet streef; eerstens om te kry wat jy wil hê, en tweedens om dit te geniet. Net die heel wysste mense behaal die tweede doelwit."

Lekker lees,
Marelize & Nelia



Die beste onder die bestes: Me Stefanie-Marié (Stef) Esterhuizen van die Fakulteit Geesteswetenskappe op die Vaaldriehoek-kampus (middel) is die algehele ITOU-wenner. By haar van links is dr Theuns Eloff, die NWU se visekanselier, prof Thanyani Mariba, die rektor van die Vaaldriehoek-kampus, prof Linda du Plessis, Viserektor: Akademie, Kwaliteit en Beplanning op dieselfde kampus, en prof Martin Oosthuizen, Adjunk-visekanselier: Onderrig-Leer van die NWU.

NWU vier voortreflike onderrigvaardighede

Me Stefanie-Marié (Stef) Esterhuizen van die Skool vir Opvoedkundige Wetenskappe in die Fakulteit Geesteswetenskappe op die Vaaldriehoek-kampus het in 2011 die beste gevaar in die uitdagende Institusionele Toekennings vir Onderriguitnemendheid-proses (ITOU-proses).

Vir hierdie prestasie het sy die Visekanselier-presigtietoekening ontvang tydens 'n gala-geleentheid wat op 2 Maart 2012 in Potchefstroom gehou is. Dr Theuns Eloff, die visekanselier van die NWU, het 'n wisseltrofee aan haar oorhandig.

Stef is die algehele wenner vir 2011, en uiteraard ook een van die drie kampuswenners. Die ander twee is dr Ralph Manyane van die Fakulteit Geestes- en Sosiale Wetenskappe op die Mafikeng-kampus en mnr Pieter van der Zwan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe op die Potchefstroom-kampus. In 2011 het 49 dosente ITOU-toekennings ontvang, vergeleke met 46 in 2010. Die Mafikeng-kampus het die grootste toename getoon.

'n Rekordgetal van 18 Mafikengdosente het toekennings ontvang in 2011, vergeleke met slegs agt in 2011 en drie in 2009. Op die Potchefstroom-kampus het 20 personeellede toekennings ontvang en op die Vaaldriehoek-kampus 11. Laasgenoemde is ses meer as in die voorafgaande jaar.

"Dosente speel 'n baie belangrike rol in die lewens van studente en vanaand bring ons hulde aan diegene wat uitblink in hul toewyding aan hul vakgebiede en hul passiewolte invloed op hul studente," het dr Theuns tydens die seremonie gesê.

Gesamentlik in die tweede plek was Ekonomiese en Bestuurswetenskappe op die Potchefstroom-kampus; Geestes- en Sosiale Wetenskappe asook Landbou, Wetenskap en Tegnologie op die Mafikeng-kampus; en Geesteswetenskappe op die Vaaldriehoek-kampus. Hierdie fakulteite spog met vyf toekennings elk.

Waaroor gaan ITOU presies?

ITOU erken en beloon dosente wat uitblink in onderrig-leer.

As deel van die streng ITOU-evalueringsproses beoordeel panele die dosente se portefeuljes, studentet terugvoer, innovasie en uitnemendheid in kontaksessies en die gebruik van tegnologie in onderrig-leer.

So sê fakulteitsyfers

Die NWU-fakulteit wat die meeste toekennings ontvang het, naamlik ses, is die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie op die Vaaldriehoek-kampus.

Gesamentlik in die tweede plek was Ekonomiese en Bestuurswetenskappe op die Potchefstroom-kampus; Geestes- en Sosiale Wetenskappe asook Landbou, Wetenskap en Tegnologie op die Mafikeng-kampus; en Geesteswetenskappe op die Vaaldriehoek-kampus. Hierdie fakulteite spog met vyf toekennings elk.

Hier is die ITOU-wenners

Mafikengkampus

Geestes- en Sosiale Wetenskappe	Me Limpho Lekaota Mnr Kiran Odhav Prof Themba Ngwenya Dr Ralph Manyane Prof Moses Kibet
Opvoedkunde	Mnr Andrew Mutsvangwa Mnr Matthews Makunye Me Koboetsile Saane Dr Elbie Mwenesongole
Regte	Mnr Joseph Modise
Landbou, Wetenskap en Tegnologie	Me Naledi Seheri Dr Olubukola Babalola Mnr Collins Ateba Me Hunadi Rakhuhu Me Kgomotso Direko
Handel en Administrasie	Mnr Daniel Metsileng Dr Peter Bogopane Mnr Fritz Kgotle

Potchefstroomkampus

Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	Dr Eileen Koekemoer Mnr Johan Jordaan Me Sanlie Middelberg Prof Danie Schutte Mnr Pieter van der Zwan
Geondheidswetenskappe Ingenieurswese	Dr Ben Coetzee Mnr Pieter van den Berg Mnr Frikkie Conradie Mnr Hannes du Toit Mnr Marco le Roux
Lettere en Wysbegeerte	Prof John Botha Me Carina Grobler Dr Marlies Taljard Me Gerda Wittman
Natuurwetenskappe Opvoedingswetenskappe Regte	Prof Gunther Drevin Me Lynette Drevin Dr Marietjie Havenga Adv Pieter du Toit Me Rene Koraan Dr Hein Lubbe

Vaaldriehoekampus

Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie	Me Chanelle Pienaar Dr Diana Viljoen Dr Natasha de Klerk Me Malie Zeeman Dr Roelien Goede Me Elsje Venter
Geesteswetenskappe	Dr Erika Serfontein Dr Biotumelo (Tumi) Mzini Dr Marieta Jansen van Vuuren Me Stefanie-Marié Esterhuizen Me Susan Maree



Potchefstroomkampus se winner, mnr Pieter Van der Zwan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (regs), ontvang sy toekenning van prof Herman van Schalkwyk, die rektor van daardie kampus.



Veels geluk: prof Dan Kgwadi, die rektor van die Mafikengkampus (regs), oorhandig die toekenning aan die kampuswinner, dr Ralph Manyane van die Fakulteit Geestes- en Sosiale Wetenskappe.

Registrateurs vergader by HESA-imbizo

Die NWU het onlangs Hoëronderwys Suid-Afrika (HESA) se Registrateursimbizo aangebied.

Prof Themba Mosia, die NWU se registrator, en mnr Frans du Preez, uitvoerende raadgewer in die kantoor van die visekanselier, het die geleentheid in Magaliesburg namens die NWU bygewoon. (Frans neem tydelik waar as NWU-registrator terwyl prof Themba as administrateur van die Tshwane Universiteit van Tegnologie optree.)

Dr Theuns Eloff, die visekanselier van die NWU, het die Imbizo geopen en die verwelkomings- toespraak gelewer.

Die Registrateursimbizo is een van sewe liggame, bekend as Gemeenskappe van Praktyk, wat deur HESA begin is om hoëronderwysinstellings die kans te gee om saam te werk en ondervinding, kundigheid en uitdagings met mekaar te deel.



Twee van die sprekers tydens die Registrateursimbizo wat op 1 en 2 Maart gehou is, is van links mnr Abbey Mathekga van HESA en mnr Khulekani Mathe van die Nasionale Beplanningskommissie. By hulle is prof Themba Mosia, NWU-registrator en dr Theuns Eloff, NWU-visekanselier (heel regs).

Vertel die volle verhaal van volhoubaarheid

Die NWU beweeg tans in die rigting van geïntegreerde verslaglewering, 'n verskynsel wat sedert 2011 wêreldwyd posgevat het en deur instansies soos die internasionale Global Reporting Initiative (GRI)* bevorder word.

Om hierdie doelwit te bereik, het die universiteit reeds verskeie stappe gedoen.

Verlede jaar het die NWU die strewe na volhoubaarheid reeds onder missie-element vier in die Institusionele Plan van die NWU ingesluit. Opdrag is ook gegee aan 'n groep by Omgewingswetenskappe en Bestuur op die Potchefstroomkampus om die impak wat die NWU as geheel op die omgewing het, te ondersoek.

Hierdie jaar is 'n werkswinkel oor geïntegreerde verslaglewering by die Institusionele Kantoor gehou, en voortspruitend daaruit is 'n werksgroep saamgestel wat uit personeel van al drie kampusse en die Institusionele Kantoor bestaan.

Me Bibi Bouwman, Institusionele Direkteur: Gemeenskapsverbintenisse, en me Elmarie de Beer, Institusionele Hoofdirekteur: Finansies, het die werkswinkel gereël. Sowaat 26 personeellede van dwarsoor die NWU het dit op 9 en 10 Februarie bygewoon.

Die werksgroep, wat aan die einde van die werkswinkel saamgestel is, se taak is om leiding te gee in die proses om volhoubaarheid in alle opsigte by die NWU te bevorder en om op 'n geïntegreerde manier daarvoor verslag te lewer.

Bibi glo die universiteit behoort oor sowat twee jaar gereed te wees om 'n eksterne geïntegreerde verslag volgens die minimum riglyne van die GRI te publiseer. Die NWU sal egter reeds vanjaar probeer om 'n interne verslag saam te stel.

* Die GRI is 'n nuwingsgewende organisasie wat volhoubaarheid en geïntegreerde verslaglewering daarvoor wêreldwyd bevorder.

Werkswinkel werp lig op geïntegreerde verslaglewering

Tydens die werkswinkel het die volgende aan die lig gekom:

- Geïntegreerde verslaglewering gaan oor inligting oor die organisasie en sy werksaamhede en hoe dit die volhoubaarheid van die organisasie in sy finansiële, sosiale en omgewingskonteks beïnvloed.
- Volhoubaarheid behels baie meer as net die beperking van 'n organisasie se koolstofvoetspoor. Dit sluit aspekte in soos omgewing, menseregte, arbeidspraktyke, gemeenskap, produkverantwoordelikheid en finansies.
- Anders as in die verlede toe organisasies jaarverslae gepubliseer het wat grotendeels finansiële inligting bevat het en daarby aparte volhoubaarheidsverslae, publiseer die meeste nou geïntegreerde verslae.
- Die GRI verskaf duidelike riglyne wat maatskappye en organisasies kan gebruik vir geïntegreerde verslaglewering.
- Die Johannesburgse Aandelemerk het in 2010 dit 'n voorwaarde vir notering gemaak dat maatskappye geïntegreerd verslag moet lewer, of andersins moet verduidelik waarom hulle nie kan nie.
- Geïntegreerde verslaglewering is in ooreenstemming met aanbevelings in die King III-verslag wat oor korporatiewe bestuur in Suid-Afrika handel en deur die NWU as riglyn gebruik word.
- Die NWU word nog nie deur die wet verplig om volgens die raamwerk van die GRI verslag te lewer nie, maar die aanduidings is reeds daar dat dit dalk in die toekoms kan gebeur. In hierdie stadium stel die NWU sy jaarverslag wat jaarliks aan die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding voorgelê moet word, saam volgens die riglyne soos vervat in die Wet op Hoër Onderwys (Wet 101 van 1997).



By die werkswinkel oor geïntegreerde verslaglewering is van links na regs me Aldine Oosthuysen van die Vaaldriehoekskampus, mnr Bethuel Ngakane van die Mafikengskampus, me Bibi Bouwman van die Institusionele Kantoor, me Reana Roussouw, die eksterne fasiliteerder van Next Generation Consultants, en prof Merwe Oberholzer van die Potchefstroomkampus.

Prof Harry volg Elvis se spoor

Vir die meeste mense is “Blue Suede Shoes” meer as ’n verwysing na ’n netjiese paar suëdeskoene, en laat “Jailhouse Rock” hulle nie noodwendig aan ’n nuwerwetse tipe dans by ’n korrektiewe inrigting dink nie.

Nee, hierdie titels maak herinneringe wakker aan die Koning van Rockmusiek, Elvis Presley.

Prof Harry Sewlall van die Departement Engels op die Mafikengkampus is heel waarskynlik die grootste Elvis-aanhanger by die NWU. Behalwe daarvoor dat hy Elvis al van kleintyd af bewonder, het hy ook al twee akademiese artikels oor hom geskryf.

KINDERLIKE BEWONDERING

“My bewondering vir Elvis het begin toe ek omtrent 11 jaar oud was. Hy was vir my ’n voorbeeld van ’n arm seun wat ’n superster geword het deur talent en harde werk te kombineer. Met dié dat ek ook maar redelik arm grootgeword het, was die vroeë Elvis ’n uitstekende rolmodel vir my en my vriende.”

“Elke jongman in die gemeenskap wat dit kon bekostig, het soos Elvis aangetrek of ten minste probeer om soos hy te lyk. Ek het hom selfs nog meer bewonder toe ek sy vroeë flieks, ‘Loving You’, ‘Jailhouse Rock’ en ‘King Creole’ gesien het – sekerlik sy beste films.”

AKADEMIESE ARTIKELS

Prof Harry se kindertydbelangstelling het wel dra een van die fokuspunte van sy studies as vakkundige in die Departement Engels geword.

In Junie 2010 het sy artikel getiteld “Image, Music, Text: Elvis Presley as a Postmodern, Semiotic Text” in die *South African Journal of Literary Studies* verskyn.

“Hierdie artikel ondersoek die mistieke karakter van die Elvis-beeld in Suid-Afrika en in die res van die wêreld, insluitende Indië, Afrika en die Verre Ooste. Dit verken die alomteenwoordigheid van sy beeld in verskeie vorme, soos films, advertensies, argitektuur en selfs ’n roman deur ’n bekende Afrika-skrywer.”



Prof Harry Sewlall kyk na Elvis se goue plate in Graceland se Trofeekamer.

Die ander artikel, “Memphis, Tennessee: A Metonym for Rock ‘n Roll, the Child of the Blues...” het in 2011 in die Amerikaanse *Journal of Literature and Art Studies* verskyn.

“Die artikel fokus eintlik op die stad Memphis, die bakermat van ruk-en-rol, maar Elvis is nog steeds ’n sentrale figuur.”

Volgens prof Harry sal Elvis se erfenis nie sommer geëwenaar word nie. Verskeie bekendes

soos Bruce Springsteen, Cliff Richard en John Lennon het al openlik erken dat Elvis ’n groot invloed op hulle gehad het.

Hy glo dat die kombinasie van Elvis se Godgegeewe talent en sy nederigheid en vrygewigheid van hom die charismatiese ster gemaak het wat hy inderdaad was. “Soos ek sê in een van my akademiese artikels: die naam ‘Elvis’, net soos ‘Coke’, vereis geen konteks of verduideliking nie.”

Graceland bekoor duisende

Volgens prof Harry Sewlall is daar nêrens op aarde ’n meer asemrowende monument vir ’n popster as Graceland, Elvis se herehuis in Memphis, nie.

Sy eerste besoek aan Graceland, in 2002, het saamgeval met die 25ste herdenking van Elvis se dood. “Dit was ’n baie ontroerende ervaring; ek het kompleet gevoel soos ’n pelgrim wat ’n heilige plek besoek.”

Hy was intussen al weer drie keer by Graceland – in 2007, 2009 en 2010.

“Die laaste drie besoeke was meer akademies van aard. Ek het aantekeninge gemaak en heelwat tyd in die Trofeekamer met sy 150 goue en platinumplate en ander uitstallings deurgebring.”

Ander interessantheide by Graceland sluit in ’n outomobielmuseum met meer as 20 motors en verskeie Harley Davidsons, ’n radiostasie wat 24 uur per dag net Elvis se musiek speel, verskeie geskenkwinkeltjies en museumpies met Elvis-snuisterye op uitstalling, en ’n kitskosrestaurant.

“Die enigste teleurstelling vir Elvis se aanhangers is dat besoekers nie op Graceland se boonste verdieping toegelaat word nie. Dis die ‘Koning’ se domein!”

Graceland lok meer as 600 000 besoekers per jaar. Elvis het wel in Hollywood gebly as hy aan ’n film moes werk, maar Graceland was sy eintlike tuiste. Dis dan ook hier waar hy op 16 Augustus 1977 dood is.

Skep nuwe wêreld vir gebruikers van NWU-webwerf

Deel van die NWU-webspan is agter van links me Elmarie Cronje, NWU-webinhoudbestuurder, en die drie kampuswebkoördineerders, me Ronel Beukes van Zyl, Mafikeng-kampus, me Elmien Botha, Potchefstroomkampus, en mnr Jeremy Mooi, Vaaldriehoekskampus (voor).



Die NWU is in die proses om 'n webwerf te skep wat eenvoudig, elegant en funksioneel is, met relevante inhoud wat belanghebbendes mag nodig kry of soek.

Dié proses is genoodsaak deur die krisis wat die NWU webwerf gedurende 2011 ervaar het. Die krisis het begin met die migrasie van inhoud op die webwerf vanaf OpenCMS na 'n nuwe inhoudbestuurstelsel, Drupal.

Me Elmarie Cronje, webinhoudbestuurder by die Institusionele Kantoor, sê: "Die krisis is egter nie deur Drupal veroorsaak nie, maar eerder deur 'n sameloop van geërfde probleme in verskeie areas wat met die webwerf te doen het. Die migrasie het dit net beklemtoon."

Korporatiewe Sake en Verhoudinge het gevolglik 'n buite-maatskappy, VCom Solutions*, gevra om 'n situasie-analise van die webwerf-omgewing te doen.

Dié analise het 'n komplekse en veelvlakkige omgewing blootgelê en drie hoofkwessies wat ondersoek moet word, geïdentifiseer, naamlik

tegniese, inhoud- en bestuurskwessies. Dieselfde kwessies is ook deur Inligtingstechnologie Sentraal en die kampusse uitgewys.

ONDER DIE VERGROOTGLAS

Eerstens sal sommige tegniese kwessies aangespreek moet word, en daarna die inhoud van die webwerf.

Elmarie verduidelik dat 'n gedesentraliseerde publiseringsmodel tot nou gebruik is, met personele van regoor die universiteit wat inhoud publiseer. Dit lei tot inhoud wat onsamehangend is, geen duidelike doel het nie en nie konsekwent is nie.

"Aangesien die webwerf soos 'n vertoonvenster vir die universiteit is en dikwels die eerste kontak is wat voornemende studente en ander rolspelers met die universiteit het, is dit belangrik dat die inhoud onberispelik is en die feite nagegaan word en reg is," sê sy.

Om dit te kan doen, sal sommige areas van die publiseringsmodel fyner gekontroleer moet word, insluitend die inhoudpubliseringsstrategie, redak-

sionele konsekwentheid en die kwaliteitskontrole van die inhoud.

'n Ander belangrike kwessie van inhoudpubliserings wat ook aandag sal geniet, gaan oor die veeltalige omgewing van die webwerf en hoe die NWU hul meertalige "gesig" gaan hou, sonder dat die funksionaliteit van die inhoudbestuurstelsel en publiseringsproses belemmer word.

Die laaste kwessie wat geïdentifiseer is, handel oor die bestuursrolle en die oorkoepelende visie van die NWU webwerf.

"Tot nou toe is die inhoud op die webwerf bepaal deur die onmiddellike behoeftes van die publiseerders en nie die universiteit as geheel nie," sê Elmarie.

Gedurende die volgende ses maande sal die webspan by Korporatiewe Sake en Verhoudinge, met die hulp van spesialis-konsultante en verskeie rolspelers binne die universiteit, poog om 'n werkbare oplossing vir die probleemareas te identifiseer.

DIE BELANGRIKHEID VAN NAVORSING

Navorsing wat die styl sowel as die mikpunte en visie van die NWU-webwerf help bepaal, sal 'n groot rol in die proses speel.

Sommige van die kwessies waarna gekyk sal word, sluit die ontwikkeling van die volgende in: 'n besigheidsplan en mikpunte vir die webwerf, 'n werkbare webbestuur- en inhoudbestuursmodel, 'n inhoud- en publiseringsstrategie, 'n gebruikersnavorsingsprojek en die herontwerp van die NWU-webwerf.

DEELNAME IS DIE SLEUTEL

"Al hierdie dinge sal egter nie moontlik wees sonder die deelname van die relevante rolspelers nie," sê Elmarie.

Personele wat graag hul idees oor die verbetering van die NWU-webwerf wil deel, is welkom om haar te kontak by elmarie.cronje@nwu.ac.za of x994913.

"Hierdie is die tyd vir ons om te praat," sê sy.

**VCom Solutions en Inquisition is spesialiste op die gebied van digitale produkte vir opkomende markte.*

Saam is ons meertalig

Die NWU-gemeenskap dink tolking is die beste manier waarop meertalige klasse op die kampusse hanteer behoort te word, en Engels is die voorkeurtal waarin akademici wil publiseer en hul navorsingsresultate bekend maak.

Hierdie is twee van die talle insiggewende feite wat blyk uit die resultate van die vyfjaarlikse taaloudit wat in Oktober en November 2011 by die NWU gedoen is.

“Die resultate wys vir my hoe taaldivers die NWU-gemeenskap is en dat ons verdraagsaam moet wees teenoor mense se verskillende taalvoorkeure en dus akkommoderend in ons taalaanbod,” sê prof Marlene Verhoef, Uitvoerende Adviseur: Strategie en Projekte in die kantoor van die visekanselier.

Die taaloudit, wat onder haar leiding gedoen is, is waarskynlik die grootste wat ’n Suid-Afrikaanse universiteit nog ooit onderneem het. “Sover ek weet, was dit nog net die Universiteit van Johannesburg wat ook ’n taaloudit gedoen het, en ons s’n het omtrent ’n 1 000 meer response gekry as hulle s’n,” sê prof Marlene.

’n Totaal van 5 812 personeellede en studente het aan die NWU-taaloudit deelgeneem – sowat 1 000 meer as aan die vorige oudit in 2005.

Nadat die resultate van die taaloudit bekend gemaak is, het verskeie konsultasiesessies met rolspelers op die kampusse gevolg. Die volgende stap is nou om die NWU se taalbeleid aan die hand daarvan te hersien en dié proses behoort teen die einde van Julie afgehandel te wees.

Die volledige resultate van die taaloudit is op die webblad van die Taaldirekoraat op die personeel-intranet beskikbaar.


Prof Marlene sê die bydraes van die NWU se taaltaakspan is waardevol. Die volgende personeellede is deel van dié span:

Institusionele Kantoor: Prof Marlene Verhoef (sameroeper), mnr Johan Blaauw.
Mafikengkampus: Me Eileen Pooe, dr Sammy Thekiso, me Mokgadi Molope.
Potchefstroomkampus: Prof Wannie Carstens, prof Rigardt Pretorius, dr Jako Olivier.
Vaaldriehoekkampus: Prof Susan Coetzee-Van Rooy, prof Thapelo Selepe, mnr Johannes Mahlasela.

So lyk sommige van die resultate


Hier volg ’n uiteensetting van wat die meerderheid personeel en nagraadse studente op ’n spesifieke kampus of by die Institusionele Kantoor se reaksie op ’n paar van die vrae was.

Advies oor watter taal gebruik moet word vir voorgraadse klasse op die kampusse




Prof Marlene: “Dié uitslag weerspieël reeds die huidige taalpraktyk op die kampusse, hoewel dit interessant is dat hier reeds ’n beduidenis is van aanvraag vir die insluiting van Afrikatale as tale van hoër onderrig.”

Advies oor watter taal gebruik behoort te word op kampusvlak vir administratiewe of werksdoeleindes




Prof Marlene: “Dis opvallend dat die Mafikengkampus se keuse op Engels val as primêre werkstaal, hoewel daar ’n behoefte is vir ’n meertalige werksomgewing. Op die Potchefstroom- en Vaaldriehoekkampus is die opsie vir die vestiging van ’n Afrikaans/Engelsomgewing duideliker, met – veral aan die Vaaldriehoekkampus – ’n behoefte om Sesotho hierby te voeg”.

Taalvoorkeur vir interne, geskrewe kommunikasie



Taalvoorkeur vir deelname aan vergaderings



Prof Marlene: “Hoewel daar by die twee grafieke hierbo ’n effense aanduiding van diverse taalbehoefte is, is dit duidelik dat die voorkeure baie sterk rondom Engels en Afrikaans is. Dit is ook opvallend dat mense akkommoderend is ten opsigte van taalgebruik”.

Hy lééf sy Afrika-droom

In ons reeks oor die NWU se dekaane gesels ons in hierdie uitgawe met prof Melvin Mbaao, die dekaan van die Fakulteit Regte op die Mafikengkampus. Hy praat met ons oor die mooiste herinnering uit sy kinderjare, sy liefde vir Regte en sy sienings oor onderwerpe soos die stryd teen korrupsie en die herverdeling van grond.

Voëlgesang met dagbreek oor die Barotsevlaktes in Zambië, 'n seuntjie en sy pa wat hulle koeie aanjaag melkstal toe...

Dit is prof Melvin Mbaao, die dekaan van die Fakulteit Regte, se gunstelingherinnering uit sy kinderjare.



Hy het grootgeword in die voormalige Britse Protektoraat van Barotsealand – nou deel van Zambië. Hy het steeds heelwat familie in daardie deel van Afrika en besoek hulle minstens een keer per jaar.

Nadat hy 'n graad in regte behaal het aan die Universiteit van Zambië het hy vir 'n tyd lank klasgegee aan die Universiteit van Botswana voordat hy hom in 1992 by die voormalige Universiteit van die Noordwes aangesluit het.

'N NUWE TUISTE

Mafikeng, baie kilometers van die vlaktes van Barotsealand af, het sy nuwe tuiste geword. Hier was hy eers senior lektor en hoof van die Departement Publiekreg en Regsfilosofie voordat hy uiteindelik in 2007 aangewys is as die dekaan van die Fakulteit Regte.

Hoewel hy van Regte in die algemeen hou, het hy 'n besondere passie vir Publiekreg, die onderwerp van sy onderrig en navorsing sedert 1982.

“Die kwessie van mag en die potensiaal vir magismisbruik het my nog altyd gefassineer en is die inspirasie agter my huidige navorsing oor goeie korporatiewe bestuur, menseregte en armoede.”

DRIE LANDE, TWEE STELSELS

Met dié dat hy al in Zambië, Botswana en Suid-Afrika gebly het, het hy ervaring van twee verskillende regstelsels.

“Die Zambiese regstelsel is geskoei op Engelse Gemene Reg, terwyl die regstelsels in Botswana en Suid-Afrika afgelei is van die Romeins-

Hollandse Regstelsel. Daar is 'n klompie voor die hand liggende verskille tussen die twee stelsels, veral wat betref Privaatreg. Weens die Engelse koloniale invloed in Suid-Afrika is daar egter ook ooreenkomste, soos op die gebied van Publiekreg.”

Hoewel al drie lande 'n geskrewe grondwet met 'n Handves van Regte het, word sosio-ekonomiese regte slegs in die Suid-Afrikaanse grondwet verskans – iets wat nie die geval is in Botswana en Zambië nie.

SA AAN DIE VOORPUNT

Prof Melvin glo dat Suid-Afrika se konstitusionele en menseregte-regswetenskap sonder gelyke is. Dit is egter nie die enigste positiewe eienskap nie. Terwyl prof Melvin in 2003 werk gedoen het vir die Presidensie oor Suid-Afrika se leidende rol in Afrika, het hy tot die gevolgtrekking gekom dat Suid-Afrika aan die voorpunt is van die kontinent se soeke na “Afrika-oplossings vir Afrika-probleme”.

“Daar bestaan geen twyfel dat Suid-Afrika die ekonomiese reus van die kontinent is nie. Die land het 'n soliede ekonomiese basis, infrastruktuur en mensekapitaal. Boonop is baie van die kontinent se topuniversiteite hier, sowel as goeie sportgeriewe.”

DIE STRYD TEEN KORRUPSIE

Maar Suid-Afrika het ook uitdagings van sy eie, byvoorbeeld die stryd teen korrupsie. Prof Melvin het sterk sienings hieroor.

“Die vloek van korrupsie is universeel en kom in alle politieke stelsels en in alle samelewings voor, maak nie saak hoe ver daardie samelewings ontwikkel is nie.”

“Dit is al gepas beskryf as 'n vernietigende euwel, 'n vretende kanker wat die voortbestaan van ons samelewing bedreig. My navorsing wys dat korrupsie beveg moet word met alle moontlike hulpbronne tot ons beskikking. Daar moet 'n onwrikbare politieke wil wees in

Prof Melvin Mbaao

die stryd teen korrupsie – halfhartige stappe en politieke propaganda gaan ons nêrens bring nie.”

GROND VIR ALMAL

Nog 'n uitdaging wat Suid-Afrika in die gesig staar, is die herverdeling van grond. In 2002 het prof Melvin 'n artikel geskryf oor grondherverdeling, met spesifieke verwysing na die Noordwesprovinsie.

“Ek dink die eise kon ietwat vinniger hanteer word, maar dit was 'n goeie begin. Ongelukkig is baie van die eise nog nie afgehandel nie, en in sommige gevalle waar restituisie plaasgevind het, is die gewenste resultate nie behaal nie.”

GESINSMAN

As prof Melvin nie navorsing doen, 'n kongres-referaat lewer, of die Regsfakulteit bestuur nie, spandeer hy graag tyd saam met sy gesin.

Sy vrou, Gertrude, is 'n prokureur by die Departement Ekonomiese Aangeleenthede in Mafikeng.



In Januarie 2011 het prof Melvin Mbaio en sy vrou, Gertrude, 'n week in Mauritius deurgebring.

Die paartjie het vier seuns: die oudste, Melvin Mbaio (junior), is 'n mediese dokter wat in Interne Medisyne by Wits spesialiseer, terwyl sy jonger broer, Wamuwi, besig is met 'n doktorsgraad in Engels en Letterkunde aan die Universiteit van Stellenbosch. Die derde seun, Chabala, is 'n derdejaarsstudent (BSc Geologie) by Rhodes, en Mundia, die jongste, is 'n graad

10-leerling by Sol Plaatje Sekondêre Skool in Mafikeng.

Prof Melvin het die volgende raad, nie net vir sy eie seuns nie, maar ook vir sy studente: “Daar is nie so iets soos 'n kortpad na sukses nie.

“Vandag se studente moet slimmer te werk gaan, maar moet nog steeds pligsgetrou wees. Hulle moet verantwoordelike, maar gebalanseerde lewens lei, en studies met sport kombineer.”

'n Vakkundige van formaat

Gedurende sy studentejare aan die Universiteit van Zambië, het prof Melvin verskeie toekennings gekry as beste student in sy groep. Een hiervan was die Lusaka Hindoevereniging-prys vir die beste student in die Skool vir Regte wat hy op tweedejaars-, derdejaars- en finalejaarsvlak gekry het.

Prof Melvin het van 1981 tot 1982 en weer van 1984 tot 1987 met 'n Cambridge Livingstone-beurs in die Verenigde Koninkryk (VK) studeer. Gedurende hierdie tydperk het die Komitee vir Visekanseliers en Rektore van Universiteite en Kolleges in die VK 'n navorsingsbeurs aan hom toegeken – 'n eer wat net uitnemende buitelandse studente te beurt val.



Hy het uiteindelik vir vier en 'n half jaar lank by Cambridge studeer en sy meesters- sowel as doktorsgraad daar voltooi.

“Wat my die meeste beïndruk het van Cambridge was die hoë vlak van wetenskapsbeoefening, relevante en gefokusde navorsing en akademiese vryheid, en die rustige atmosfeer waarbinne mens jouself kan uitleef. Nagraadse studente soos ek het van al die uithoeke van die aarde gekom, maar was verenig in ons strewe na kennis, terwyl ons daar deur die grootste leermeesters van ons tyd onderrig is.

“In amper elke dissipline en vakgebied was daar wêreldbekende wetenskaplikes en vakkundiges, selfs verskeie Nobelprysweners.”

Prof Melvin sê hy het sy studies in Cambridge baie geniet – behalwe vir die Engelse winters.

Wat het hom dan gemotiveer tydens daardie lang winters?

“Die wete dat ek sou terugkeer na die sonskyn en blou lug van Afrika was genoeg motivering. Dit het my selfs deur die donkerste, koudste dae gedra,” sê hy.

Prof Melvin Mbaio in sy akademiese drag.

Ander interessantheide

Gunstelingkos: Hoender, rys en slaaie, saam met 'n glasië rooi Grapetiser.

Gunstelingfilm: *Bridge on the River Kwai*.

Gunstelingboeke: Die Bybel, gevolg deur generaal Sun Tzu se *Art of War* en president Barack Obama se *Audacity of Hope*.

Gunstelingmusiek: Westerse klassieke musiek, moderne jazz en tradisionele Zambiese musiek.

'n Bekende wat ek graag sou wou ontmoet:

Mnr Nelson Mandela, as gevolg van sy edelmoedigheid, sy onbepaalde vermoë om te vergewe, sy sielskrag en vermoë om te volhard ten spyte van teëspoed.

Ontspanning: Ek speel graag gholf, kyk sport en godsdienstige programme op televisie, en lees liefiksie.

Gunsteling-vakansiebestemming: Ek was al by die piramides van Giza in Egipte, die Groot Muur van China, Gory-eiland in Senegal, Kilimandjaro, Zanzibar en natuurlik die Victoria-waterval by Livingstone, Zambië, maar niks kan kers vashou by Mauritius nie. In Januarie 2011 het ek en my vrou vir 'n week lank daar vakansie gehou.

Gunstelingdiere: Ons het nie troeteldiere in die huis nie, maar my gunstelingdiere is beslis my beeskudde.



Interne handelsmerk- bewusmakingsveldtog

In Februarie vanjaar het die NWU met 'n interne handelsmerk-bewusmakingsveldtog begin. Eish het met me Lindi Cameron, Institusionele Handelsmerkbestuurder, gaan gesels om meer uit te vind oor hierdie veldtog.



V: Waar pas die interne handelsmerk-bewusmakingsveldtog in by die groter prentjie van die handelsmerk-ontplooiingsproses?

A: Dit is deel van die handelsmerk-ontplooiing wat die Uitvoerende Direkteur: Korporatiewe Sake en Verhoudinge, me Phumzile Mmope, in 2006 geïnisieer het as beginpunt vir die bevordering van verhoudinge met belanghebbendes.

V: Hoe het die handelsmerk sedert 2006 ontvou?

A: Korporatiewe-identiteit-elemente soos skryfbehoeftes, seremoniële regalia, kenningewings en embleme, en korporatiewe binnenshuise ontwerp is ontwikkel en ingesluit in die Handleiding vir Korporatiewe Identiteit. Daarby is proses- en beleidsdokumente ontwikkel vir die belyningsproses van kommunikasie- en bemarkingsboodskappe en -strategieë.

V: Hoe het die belyningsproses ontwikkel?

A: As een van die doelwitte in die Institusionele Plan, vorm dit deel van McCann Worldgroup se betrokkenheid by die ontwikkeling van die NWU-handelsmerk. Ná aanbiede van vyf agentskappe wat die kortlys gehaal het, is 'n kontrak in September 2011 gesluit met dié swaargewig internasionale agentskap wat al 'n Loerie-toekenning gewen het.

McCann is op hoogte van sake gebring deur 'n paneel wat hoofsaaklik bestaan het uit die Institusionele Komitee vir Korporatiewe en Handelsmerkidentiteit, kampusbemarkings- en kommunikasiedirekteurs of hul verteenwoordigers, en Korporatiewe Sake en Verhoudinge van die Institusionele Kantoor.

Die omvang van die werk het ingesluit die hersiening van die posisionering van die NWU, die handelsmerkstrategie, kreatiewe rigting en planne vir bemarking en kommunikasie, en 'n interne handelsmerk-bewusmakingsveldtog.

V: Vertel vir ons meer oor die interne handelsmerk-bewusmakingsveldtog?

A: Hierdie ses weke lange program is middel Februarie begin, en omvat verskeie prettige en opvoedkundige aktiwiteite. Dit sluit in drie kompetisies wat kreatiwiteit en handelsmerklojaliteit, kennis van die NWU, en kameraadskap aanmoedig, met die aansporing dat elke kampus R10 000 vir 'n benoemde kampusprojek kan losslaan.

Interaksie is aangemoedig deur plakkate, sms'e, e-pos, posstukke, kampusradio-onderhoude en 'n mobiwerf. 'n Handelsmerkambassadeur-program is ook begin as beloning vir 'n groepie individue wat gekies is om die handelsmerk uit te leef en die korrekte toepassing van Korporatiewe Identiteit (KID) aan te moedig.

V: Wat was die oogmerk met die interne veldtog?

A: Ons opdrag aan McCann was om die volgende daarmee te bevorder: 'n gevoel van eenheid binne die saamgesmelte NWU, voldoening aan die riglyne vir handelsmerkidentiteit, 'n gevoel onder die personeel dat hulle waardeur word, personeelbetrokkenheid en trots in die NWU-handelsnaam.

Nóg 'n doelwit was om 'n gevoel van tuiswees te skep en die emosionele band met die NWU te versterk, want as individue geheg is aan hulle organisasie lei dit dikwels tot laer personeelomset, minder siekteverlof, hoër produktiwiteit en hoër opbrengs op belegging (Towers-Perrin 2007).

Die interne veldtog het ook 'n geleentheid gebied vir die bekendstelling van 'n nuwe handelsmerkfilosofie of -benadering, naamlik dat die NWU die toekoms vir mense ontsluit.

V: Wat presies beteken dit dat die NWU die toekoms ontsluit?

A: Dit gaan oor die geleentheid wat moontlik gemaak word deur onderwys. Met ander woorde die NWU bied meer as 'n opvoeding; ons bied 'n plek in die wêreld.

V: Waar kom hierdie nuwe filosofie vandaan?

A: McCann het dit ontwikkel en in Desember 2011 aangebied as deel van die hersiene handelsmerkstrategie.

Dit is gebaseer op navorsingsresultate, marktontleding en die huidige posisionering van mededingers.

V: Hoe is dit ontvang?

A: Dit is eenparig aanvaar toe dit voorgehou is aan die uitvoerende adviseur in die kantoor van die visekanselier, bemarkings- en kommunikasiedirekteurs op die kampusse, Korporatiewe Sake en Verhoudinge en die Institusionele Bestuur en Senior Bestuur.

V: Watter respons het die interne veldtog tot dusver (vroeg in Maart) ontlok?

A: Statistiek van McCann het op 2 Maart 2012 gewys dat die mobiwerf, wat sentraal tot die veldtog is en alle aktiwiteite aandui, meer as 3 320 besoekers gelok het, met meer as 603 registrasies, en dit in minder as 'n maand.

In Australië, die Verenigde Koninkryk en die VSA dui navorsing op hoë vlakke van onbetrokkenheid in maatskappye (ongeveer 80%).

In die lig hiervan, en die feit dat 'ontwerp deur komitee' onvermydelik is as gevolg van ons besigheidsmodel, is Korporatiewe Sake en Verhoudinge besonder ingenome met die reaksie tot dusver.

Alle terugvoer – selfs kritiek hier en daar – was nuttig, en die agtergronddata wat so verkry is, is ook handig vir betekenisvolle skakeling met belanghebbendes.

Die entoesiasme waarmee die veldtog ontvang is, en die positiewe reaksie op die televisieadvertensie wat gedurende die Varsity Cup op SuperSport uitgesaai is, dui daarop dat dit 'n goeie en opwindende tyd vir die NWU-handelsmerk is om sy vlerke te spreid.

Kanseliersmedaljes vir twee besondere musikante

Die Mafikengkampus het twee lede van die burgerlike samelewing vir Kanseliersmedaljes benoem.

Hierdie toekennings sal tydens die Mei-gradeplegtigheid gemaak word.

Die Fakulteit Geestes- en Sosiale Wetenskappe het mnr Babsy Mlangeni en adv Steve Kekana benoem ter erkenning van hul uitstaande musiekprestasies en -bydraes ten spyte van hul gesiggestremdheid.

Albei hierdie legendes het duidelik bewys dat daar 'n groot verskil is tussen gestremdheid en onvermoë. Hulle het naam gemaak en 'n groot bydrae gelewer tot die musiekbedryf.

Babsy is in Soweto gebore en het by die Athlone Skool vir Blindes in Kaapstad skoolgegaan. Hy is 'n bekende sanger, kitaarspeler, komponis en entrepreneur (hy was die eerste swart persoon

wat 'n platemaatskappy besit het). Hy het gewys dat blindheid nie 'n hindernis hoef te wees wat mens die geleentheid ontnem om 'n bydrae te maak tot die samelewing nie.

Adv Kekana is in 1958 naby Zebediela in die Limpopoprovinsie gebore en het al meer as 40 albums agter sy naam. In 1979 en 1980 was hy die wenner van die SAUK se Swart Musiektoekenning vir beste manlike sanger. Hy het ook al Radio Zulu se toekenning gekry vir beste manlike sanger en was naaswenner op die Tswana- en Sotho-radiostasies. Sedert 2001 het hy al verskeie CD's saam met ander bekende sangers gemaak.

Die NWU Kanseliersmedalje word toegeken aan 'n persoon of instansie buite die universiteit wat uitsonderlike verdienstelikheid getoon het met nie-akademiese bedrywighede in enige lewensfeer wat versoenbaar is met die NWU se visie en missie.

Mafikengkampus bring Wetgewer na mense

Die Mafikengkampus het as gasheer van die amptelike opening van die Parlement van die Noordwes-provinsie op Vrydag 17 Februarie 2012 opgetree.

Dit is 'n jaarlikse geleentheid waar die Premier die Toespraak oor die Stand van die Provinsie (TSVP) lewer na die President van die Republiek van Suid-Afrika die Toespraak oor die Stand van die Nasie gelewer het by die gesamentlike

sitting van die Nasionale Vergadering en die Nasionale Raad van Provinsies.

“Die Great Hall het die doel gedien om die parlement na die mense te bring om sodoende openbare deelname te bevorder.”

Só het mnr Lawrence Modimokwane, woordvoerder van die Kantoor van die Speaker van die Noordwes Provinsiale Wetgewer, gesê.

Internasionale somerskool fokus op menslike sekuriteit

Die regs fakulteite op die Mafikeng- en Potchefstroomkampus het onlangs in samewerking met die Fakulteit Regte van die Tilburgse Universiteit in Nederland 'n internasionale somerskool aangebied oor die regsaspekte van menslike sekuriteit.

Die tiendaagse gebeurtenis het op die Potchefstroomkampus plaasgevind en het 'n kruiskulturele perspektief op menslike sekuriteit gebied deur die verkenning van 'n stel kontemporêre tendense, kwessies en uitdagings. 'n Vergelyking is getref tussen menslike sekuriteit in Afrika en Europa, en die deelnemers het gesprek gevoer oor toepaslike optrede deur die Europese Unie, die Afrika-Unie en ander organisasies.

Die somerskool was 'n groot sukses en is bygewoon deur 11 studente en twee dosente van Tilburg Universiteit, drie studente en een dosent van Mafikeng en 14 studente en vyf dosente van Potchefstroom.

Hoewel daar geen universeel aanvaarde definisie van menslike sekuriteit bestaan nie, is die twee belangrike komponente van die konsep vryheid van vrees en vryheid van gebrek. Die fokus word dus verskuif van staatsgesentreerde na mensesentreerde sekuriteit. Menslike sekuriteit is beskou vanuit die perspektief van die omgewing, menseregte, handel en strafreg. Die groep het ook gedebatteer oor die rol van maatskappye en organisasies sonder winsoogmerk met betrekking tot die waarborg van menslike sekuriteit.

Behalwe die lesings, werksopdragte en aanbiedings, het die groep ook uitstappies onderneem na die Konstitusionele Hof en die Apartheidsmuseum in Johannesburg, en die Leeu- en Renosterpark by Kromdraai.

Dit was die sewende somer- of winterskool wat in vennootskap met die Tilburgse Universiteit aangebied is. Die volgende skool sal in Januarie 2013 in Tilburg gehou word.

Die Great Hall op die Mafikengkampus, met sitplek vir meer as 3 000 mense, was die meesgepaste plek vir die Toespraak oor die Stand van die Provinsie.





Die onlangse beursoorhandigingsfunksie van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe het akademiese bekwaamheid gevier. Van links is die dekaan van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe, prof Robert Balfour, die koningmoeder me Semane Molotlegi, haar dogter, me Prinses Motswana en die rektor van die Potchefstroomkampus, prof Herman van Schalkwyk.

Koningmoeder se naam met nagraadse beurse vereer

Die moeder van die Koning van die Royal Bafokeng en die NWU-Kanselier, Kgosi Leruo Molotlegi, se naam is vereer toe drie nagraadse beurse na haar vernoem is tydens 'n onlangse beursoorhandigingsfunksie vir meesters- en doktorale studente van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe.

"Wat julle vandag hier ontvang het, is 'n voorreg en nie 'n reg nie. Neem dit terug na julle gemeenskappe en ploeg terug wat julle hier geleer het." Dit is die boodskap wat me Semane Molotlegi, die koningmoeder, aan die ontvan-

gers van nagraadse onderwysbeurse gesê het. Sy het die drie Semane Molotlegi-beurse vir MEd-studies oorhandig. Hierbenewens is drie nuwe Sol Plaatje-fakulteitsbeurse vir doktorale studies ook aangekondig.

Die dekaan van die fakulteit, prof Robert Balfour, het die samewerking tussen die Royal Bafokeng en die fakulteit uitgelig as 'n belangrike bydrae tot onderwys. Die koningmoeder is ook bedank vir haar persoonlike belangstelling in die fakulteit se werksaamhede en onderwys in die algemeen.

NWU-dosent maak naam in Kenia

Prof Peet van Schalkwyk, 'n dosent aan die Skool vir Meganiese Ingenieurswese het onlangs die Academy of Sciences for the Developing World (TWAS)-Streekstoekening in Nairobi, Kenia, ingepalm.

TWAS het vyf streekkantore en hy het hierdie toekening van die Sub-Sahara Afrika-streekskantoor ontvang. Die toekennings is gemaak aan individue wat besondere bydraes tot die ontwikkeling van wetenskaplike opvoedkundige materiaal gemaak het.

Prof Peet het hierdie toekening ontvang vir die ontwikkeling van 'n reeks unieke rekenaar-animasies in wiskunde en fisiese wetenskap. Hierdie animasies is daarop gemik om skoolleerders te help om verskeie wiskundige en wetenskaplike konsepte beter te verstaan.

Onderwysers van regoor die land word vanaf 1 Maart opgelei in die gebruik van dié animasies. Gaan kyk gerus by www.science-animations.com om van die animasies te sien.

Minister bied lesing aan op kampus



Die minister van Openbare Dienslewering en Administrasie, mnr Roy Padayachie (regs), ontmoet met die rektor van die Potchefstroomkampus, prof Herman van Schalkwyk.

Foto: Susan Cilliers van Beeld.

'n Groot eer het ongeveer 100 nagraadse studente te beurt geval toe die minister van Openbare Dienslewering en Administrasie, mnr Roy Padayachie, 'n lesing op kampus kom aanbied het.

Volgens prof André Duvenhage, direkteur van die fokusarea: Sosiale Transformasie, was nagraadse studente vanuit verskeie kurrikula in regeerkunde en transformasie, rampbestuur, waterstudies, openbare bestuur en korporatiewe sosiale verantwoordelikheid, deel van die lesing.

Tydens sy lesing het mnr Padayachie skokkende feite bekend gemaak en gesê dat die Limpopo-onderwysdepartement sowat 300 "spook"-onderwysers gehad het. Hy het gesê daar is baie korrupsie in Suid-Afrika en dat sekere kernwaardes waarna in die bevrydingstryd gestreef is, sedert 1994 verlore gegaan het. "Jy hoef nie van die staat of jou buurman te steel om voorspoedig te wees nie. Ons moenie mekaar uitbuit of stelsels ondersteun wat dit doen (uitbuiting toelaat nie), ons het 'n kollektiewe verantwoordelikheid om die regte waardestelsels te vestig."

Volgens die minister speel universiteite nie net 'n kernrol om mense op te lei in vaardighede wat nodig is vir die land nie, maar ook om navorsing te doen wat kan help om 'n staat te vestig wat in die behoeftes van burgers kan voldoen. "Ons moet meganismes ontwikkel om (onder meer) armoede en ongelykhede uit te wis," het hy gesê.

Studente rol hul moue op ten bate van liefdadigheid

Wat kry jy as jy 1 834 eerstejaarstudente, 160 liter verf, besems, grawe en 'n byna tasbare gevoel van opgewondenheid en afgawing saamgooi? Die antwoord is eenvoudig: 'n gemeenskapsprojek sonder weerga.

Die Vaaldriehoekskampus het onlangs die eerste 'Homecoming'-projek geloods en dit het deel uitgemaak van die jaarlikse Verwelkoming en Oriënteringsprogram vir nuwe eerstejaarstudente. Hierdie projek poog om nie net die vlak van gemeenskapsbetrokkenheid onder studente te verhoog nie, maar ook om 'n pro-aktiewe bydrae tot die sosio-ekonomiese welstand van die plaaslike omgewing te maak. Buiten die insameling



Hierdie twee eerstejaarstudente van die Akasia-dameskoshuis het aan die "Homecoming"-projek deelgeneem.

van broodnodige fondse het die studente ook tyd spandeer by verskeie welsynsorganisasies.

Volgens mnr Jacob Simango, Direkteur: Studentesake, het die studente onder meer met opknappingswerk, skoonmaakprojekte en die versorging van veral jong kinders gehelp. Welsynsorganisasies wat baat gevind het by die projek sluit in die Johan Heyns-kliniek, die

Mwathwala Kinderhuis en vier gesondheidsorgsentrums in Boipatong.

Jacob sê gemeenskapsbetrokkenheid is volgens hom 'n "noodsaaklike leerskool" ten einde 'n gebalanseerde en vervullende studentweeservaring te geniet. Die 'Homecoming'-projek sal deur die jaar voortgaan en sal op 'n jaarlikse basis plaasvind.

VOE 'n gedugte eenheid

In 2011 het die Vaardighedsontwikkelings-eenheid (VOE) meer as 800 sertifikate in verskeie ontwikkelingsterreine toegeken – onder meer onderwysopleiding, projekbestuur, bestuursvaardighede, kantoorbestuur, biblioteekvaardighede en gevorderde arbeidsverhoudinge.

Met meer as sewe jaar ervaring van vaardighedsontwikkeling in die werkplek, is hierdie 'n eenheid wat weet wat hulle doen. Die VOE is belas met die administrasie van alle kortkursusse, werksinkels en konferensies wat deur

die Vaaldriehoekskampus aangebied word, en spog met 'n indrukwekkende rekord in die privaat sowel as die openbare sektor.

Die kern van die eenheid se bedrywighede is hul strewe om 'n positiewe kennispad daar te stel ten einde armoede en werkloosheid in Suid-Afrika te verlig en individue toe te rus met noodsaaklike besigheidsentriese vaardighede. Die eenheid het al verskeie nasionale en internasionale konferensies suksesvol aangebied, soos die jaarlikse Onderwyspraktyksimposium en die Internasionale Waterhistoriese Vereniging se konferensie.

Ontmoet ons Kollega en Persoonlikheid van die Jaar-wenners

Wat begin het as 'n manier om op 'n informele wyse erkenning te gee aan goeie dienslewering op die Vaaldriehoekskampus is nou 'n trotse jaarlikse instelling. Die kampus het onlangs sy Kollega van die Jaar 2011 en Persoonlikheid van die Jaar 2011 aangekondig. Te oordeel na die toenemende aantal nominasies vir hierdie gesogte titels dien die inisiatief as motivering vir personeel om dienslewering deurlopend te verbeter.

Die wedywering tussen die verskillende departemente het gesorg vir 'n gevoel van opwinding en afgawing voor die aankondiging van die gesogte titels. Mnr Neels Vermeulen is aangewys as Kollega van die Jaar, en mnr Levi Mofokeng en mnr Jan Tshabalala het die titel van Vaal Persoonlikheid van die Jaar gedeel. Neels en Levi is van die Departement Akademiese Administrasie en Jan is van Tegniese Dienste. Die wenners word gekies ná 'n nominasie- en stemproses.



Kennis is mag en 'n lewensvatbare antwoord vir die uitdaging van werkloosheid en armoede-verligting. Hierdie afgevaardigdes het in die onlangse verlede verskeie ontwikkelingskursusse aan die Vaardighedsontwikkelings-eenheid voltooi.

NWU-kundiges kén hul storie

Lede van die NWU-gemeenskap het die afgelope tyd weer hul kundigheid by verskillende geleenthede met die gemeenskap gedeel – hetsy tydens toesprake of onderhoude met die media. In ons voortgaande reeks deel ons graag die volgende aanhalings met ons lesers.



“Eerstejaars pas elke jaar moeiliker aan by die universiteitslewe. ‘n Mens verwag die kinders sal ‘n makliker oorgang beleef omdat hulle tuis deesdae meer vryheid het, maar hulle het ook minder verantwoordelikhede tuis.”

*Me Suzette Weideman, kliniese sielkundige, Kampuskliniek, Potchefstroomkampus
Beeld (Pols), 17 Februarie 2012*

“Die staatsrede was oor die algemeen ietwat teleurstellend. President Jacob Zuma het niks nuuts gesê nie en daar was ‘n afwesigheid van inspirasie, strategiese visie en leierskap. Dit was wel interessant en positief dat hy die erkenning van Khoisan-groepe uitgelig het.”

*Prof André Duvenage, Skool vir Sosiale en Owerheidstudies, Potchefstroomkampus
Die Burger, 10 Februarie 2012*



“Mense onderskat en onderspeel oor die algemeen die voorkoms en die impak van boeliegedrag. Boeliegedrag kan gesien word as gedrag wat die redelike persoon sal beleef as vyandig, intimiderend, beledigend en krenkend, vernederend of ‘n misbruik van mag. Sommige lande, soos Australië en Kanada, het spesifieke wetgewing teen boelie-gedrag in die werkplek, maar dit is nog nie die geval in Suid-Afrika nie. Suid-Afrikaanse werkgewers kan nie hul oë sluit vir boelie-gedrag nie omdat dit ‘n groot uitwerking op slagoffers se produktiwiteit het. Boelie-gedrag vind oor ‘n lang tydperk plaas en kan verwoestende gevolge vir die slagoffer meebring.”

*Dr Tiaan Kirsten, Skool vir Opvoedkunde, Potchefstroomkampus
Rapport (My Tyd), 26 Februarie 2012*



“Elkeen van ons het ‘n ondersteuningsstelsel nodig vir emosionele en geestelike ondersteuning, praktiese hulp en noodsaaklike inligting.”

*Dr Emmerentia du Plessis, Skool vir Verpleegkunde, Potchefstroomkampus
Noordwes Gazette, 24 Januarie 2012*



“Die dele van die 2012-Begroting waarop ekonomiese besonder opgewonde is, is dat die minister duidelike voorstelle het om groei en werkskepping aan te spoor... Die bestuur van besteding en dienslewering is egter die grootste uitdaging. Die probleem is nie noodwendig die hoeveelheid geld wat beskikbaar is nie, maar eerder die besteding daarvan.”

*Prof Waldo Krugell, Skool vir Ekonomie, Potchefstroomkampus
OFM, 15 Januarie 2012*



Mense wat myle stap

Soos in die vorige uitgawes wil Eish! weer eens erkenning gee aan al die NWU-kollegas wat altyd bereid is om die tweede myl te loop in hul daaglikse werkverrigting.

Mev Esme Labuschagne, 'n praktisyn by Mensehulpbronne in die Institusionele Kantoor is 'n ware staatmaker. "Esme is altyd vriendelik en hulpvaardig," sê me Isabelle Botha, senior administratiewe assistent by Fisiese Infrastruktuur en Beplanning in die Institusionele Kantoor. "Ek het die vrymoedigheid om haar enige tyd te skakel of te e-pos, sy help my altyd dadelik en as sy nie kan nie, verwys sy my na iemand wat my wel kan help."

Mnr Greg Roberts, Direkteur van die Departement Finansiële Administrasie: Inkomste op die Potchefstroomkampus huiwer nie een oomblik om **mnr Johan Combrink** van dieselfde departement te nomineer vir die tweede myl nie. Volgens Greg is Johan een van daardie mense wat altyd uit sy pad sal gaan om 'n kollega of student te help. "Daar is niks wat jy nie vir Johan kan vra nie, hy is altyd vriendelik, altyd behulpsaam en soms selfs ten koste van homself. Johan neem self die inisiatief om probleme aan te spreek en is werklik 'n staatmaker," sê Greg.

Mnr Jacob Simango, Direkteur: Studentesake op die Vaaldriediehoekkampus verdien ook 'n pluimpie. Me Lethiwe Kubheka, 'n kultuurbeampte by Studentesake op dié kampus, sê hy stap werklik die tweede myl vir studente. "Jacob gee regtig alles wat hy kan in sy werk, hy is altyd positief en glo in sy studente," sê sy.

Me Annemarie Venter, 'n senior belastingbeampte by Belastingdienste in die Institusionele Kantoor, prys **mnr Andrew Fouché**, 'n aankoper by Finansiële Administrasie in die Institusionele Kantoor, vir sy harde werk. "Bo en behalwe dat hy altyd tyd het om mens vinnig te help, is hy altyd kalm en geduldig, beleefd en vriendelik. Ek voel hy stap nie net die tweede myl met betrekking tot dienslewering nie, maar doen dit boonop op 'n positiewe manier," sê Annemarie.

Me Danica Liebenberg-Weyers, 'n vakkundige in die Skool vir Omgewingswetenskappe en Ontwikkeling op die Potchefstroomkampus nomineer graag vir **me Anita du Preez**, 'n senior finansiële beampte by die Navorsingseenheid vir Omgewingswetenskappe en Bestuur.

Volgens Danica is Anita 'n baie bekwame personeellid en is sy altyd vriendelik en hulpvaardig. "Sy maak altyd tyd vir personeel én

studente, en sal nie skroom om self in te spring nie. Sy maak werklik die werkomgewing 'n aangename plek om te wees."

Me Pertunia Thulo, redaksionele assistent by Korporatiewe Sake en Verhoudinge in die Institusionele Kantoor, neem graag haar kans waar om sommer drie personeellede vir die tweede myl te nomineer. **Me Géna Thompson**, 'n senior konsultant by IT-sentraal in die Institusionele Kantoor, help altyd met 'n glimlag. "Maak nie saak hoe elementêr jou navraag is nie, sy laat jou altyd voel asof jou navraag werklik saakmaak."

Pertunia nomineer ook graag vir **mnr Willie Cloete** en **me Karien Brits**, albei taalpraktisyns by die Institusionele Taaldirektoraat. "Willie en Karien is altyd bereid om te help, veral wanneer jy dringend hulp benodig. Baie dankie dat julle altyd probeer om ons te akkommodeer in julle besige skedules."

Nog 'n personeellid wat 'n pluimpie verdien, is **me Alet Smith**, 'n administratiewe assistent in die Departement Finansiële Administrasie: Inkomste op die Potchefstroomkampus. Me Maggie Parkin, 'n senior administratiewe assistent in die Departement Akademiese Administrasie op dié kampus nomineer haar graag as 'n besondere mens wat altyd die tweede myl stap.

"Alet lewer nie net 'n uitstekende diens nie, maar het ook altyd 'n positiewe gesindheid teenoor haar werk, kollegas en studente. Sy is nooit te besig om te help nie en doen dit altyd met 'n glimlag," sê Maggie.

As jy graag 'n kollega wat die tweede myl in die uitvoering van sy/haar daaglikse pligte stap, wil nomineer, stuur gerus 'n e-pos aan Marelize.Santana@nwu.ac.za. Onthou om jou en die persoon wat jy nomineer se postitel en departement of skool ook in die e-pos aan te dui.

ALET SMITH



KARIEN BRITS



WILLIE CLOETE



GÉNA THOMPSON



ESME LABUSCHAGNE



JOHAN COMBRINK



JACOB SIMANGO



ANDREW FOUCHÉ



ANITA DU PREEZ



En die **wenners** is....

Baie geluk aan die volgende kollegas wat elk 'n korporatiewe geskenk gewen het:



Institusionele Kantoor:

Me Annemarie van Zyl, senior belastingbeampte, Belastingdienste.



Mafikengkampus:

Mnr Lionel Keebine, lektor, Skool vir Geesteswetenskappe



Potchefstroomkampus:

Mnr Phaniel Santho, bode, Posafdeling




Vaaldriehoekkampus:

Me Riana Prinsloo, administratiewe assistent, Finansies

Baie dankie aan almal wat deelgeneem het! As jy hierdie keer nie so gelukkig was nie, is daar nou wéér 'n kans om aan ons opwindende kompetisie deel te neem:

Wen! Wen! Wen!

Jy kan 'n korporatiewe geskenk wen – vind net hierdie 10 antwoorde!



1.

Identifiseer die nabyskote deur te sê wat dit is en verskaf die bladsynommers waar hulle verskyn.



5.



4.



3.



2.

6. Waarvoor staan die afkorting ITOU?
7. Watter personeelid van die Mafikengkampus is 'n groot Elvis-aanhanger?
8. Wie is die webinhoudbestuurder van die NWU?
9. Waar het prof Melvin Mbaog grootgeword?
10. Watter aangehaalde kundige het oor die 2012-Begroting gepraat?

STUUR JOU ANTWOORDE AAN:

Pos: Marelize Santana, Interne bussie 260

E-pos: Marelize.Santana@nwu.ac.za met Eish! in die onderwerpblakkie.
Onthou: Noem ook asseblief jou personeelnommer, titel, voornaam, van, postitel, naam van jou afdeling en kampus.

Die eerste korrekte inskrywing per besigheidseenheid wat getrek word, sal 'n prys losslaan!



Prof Louis ontvang gesogte gradering

Prof Louis Kotzé van die Fakulteit Regte op die Potchefstroomkampus het die gesogte Presidentstoekening van die Nasionale Navorsingstigting ontvang.

Hierdie toekening word ná 'n proses van internasionale eweknie-evaluering gemaak aan jong navorsers en vakkundiges wat gedurende hul doktorsale en nadoktorsale loopbane reeds die potensiaal toon om toekomstige leiers op hul gebiede te word.

Prof Louis is 'n wydgepubliseerde navorser oor Suid-Afrikaanse asook internasionale Omgewingsreg. Sy jongste monografie getiteld: "Global Environmental Governance: Law and Regulation for the 21st Century" gaan in die tweede helfte van 2012 by Edward Elgar Publishing verskyn.

Hy is al die afgelope agt jaar by die NWU en het 'n graad in BCom Regte, LLB, LLM (Invoer en Uitvoer), terwyl sy doktorsale proefskrif oor Omgewingsreg was.

Prof Louis sê hy is opgewonde oor die toekoms van Omgewingsreg in Suid-Afrika en veral die rigting wat die NWU inslaan.

Die Fakulteit Regte bied byvoorbeeld 'n omvattende meestersgraad in Omgewingsreg aan, en het van die voorste Omgewingsreg-akademici in Suid-Afrika.

Daarby is dit die enigste fakulteit in die land wat tans 'n omvattende afsonderlike nagraadse module oor Klimaatsveranderingsreg en -beheer aanbied.

Prof Louis Kotzé van die Fakulteit Regte op die Potchefstroomkampus, wat onlangs 'n P-gradering van die Nasionale Navorsingstigting ontvang het, sê die Fakulteit Regte is in 'n uitstekende posisie om nasionaal en internasionaal by te dra tot die ontwikkeling van vakkundigheid in Omgewingsreg.



Prof Harry Sewlall van die Departement Engels op die Mafikengkampus se kleintydbewondering vir die beroemde sanger, Elvis Presley, het daartoe gelei dat hy al twee akademiese artikels oor hom geskryf het. (Lees gerus meer hieroor op p7.) Vandaar dus die effense wysiging van Elvis se bekende liedjie "Blue suede shoes" na "... two for the Mafikeng Campus" in die spotprent hierbo. Stuur gerus 'n e-pos aan nelia.engelbrecht@nwu.ac.za as jou eie of 'n kollega se kindertydbelangstelling tot navorsing of die publikasie van 'n akademiese artikel gelei het – ons wil dit graag met ons lesers deel.



Vir me Mpho Modupe, kantoorbestuurder in die kantoor van die Uitvoerende Adviseur: Strategie en Projekte in die Institusionele Kantoor, is die volgende gesegde spesiaal:

“As jy van **beter weet,**
doen jy **beter.**”

- Maya Angelou, Amerikaanse skrywer en digter

Het jy 'n gunsteling-gesegde of -aanhaling wat jou deur jou lewensreis bybly en vir jou spesiaal is of baie beteken? Deel dit asseblief met ons – ons gebruik dit graag in die volgende uitgawe van Eish!. Stuur asseblief die gesegde/aanhaling en oorsprong/outeur daarvan, jou kort motivering hoekom dit 'n impak op jou maak, asook jou naam, van, postitel en departement/skool aan marelize.santana@nwu.ac.za.

www.nwu.ac.za